DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG



# Die Basuin

Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

**19 en 21 APRIL 2019**

**Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD**

EREDIENSTE VANDAG:

Vrydag: 09H00
Sondag : 09H00

## GOEIE VRYDAG OGGENDEREDIENS

**Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing**

Luk 22: 14 - 23
Joh 18: 39 - 19: 22
Joh 19: 28 - 30

**Tem**

Die Koning het Sy werk gedoen



Psalm 48: 1, 5;
Skrifberyming 5-4: 1, 2, 3 (ou Sk 10);
Skrifberyming 5-4 : 4, 5, 6;
Psalm 33: 7, 11

Pilatus soek maniere om Christus vry te laat. Die Jode skreeu al harder: Kruisig Hom. Hy word die spotkoning gemaak met 'n purper mantel, die kroon van dorings. En as Hy dors kry, kry Hy suur wyn. Vir ure is Hy geslaan. In Hom word elke profesie vervul en kom dit in vervulling tot vandag toe. Die Here se raadsplan word uitgevoer. Die opstand teen God en Sy Gesalfde sal derhalwe in ons eeu toeneem. Die getroue gelowige sal vreemd voel op hierdie aarde. Maar ons belydenis sal bly: Jesus Christus die Here, is ons ewige Koning.

*HOU ASB. JOU BASUIN VIR SONDAG !*

*ONS DRUK NET EEN KEER- AS JY NIE EEN GEKRY HET NIE GAAN NA*

*www.gereformeerd.co.za*

| | |
|---|---|
| **SONDAG OGGENDEREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | 1 Kor 15: 12 - 28 |
| **Tema** | Die Here het opgestaan! |
| | Psalm 45: 1, 2<br>Psalm 45: 9, 10, 16<br>Psalm 9: 5, 7<br>Psalm 119: 22, 33<br>Psalm 116: 5, 7<br>Psalm 31: 12, 15 |

Sonder 'n oop graf sou die kruis niks beteken nie. Die opstanding is die oopbreek van die lewe en die allesomvattende heerskappy van God. Dit is die hart van die Evangelie. Ons geloof staan en val by Jesus Christus en Sy opstanding. Die opstanding het praktiese implikasies vir ons daaglikse lewe. Ons moet lewe soos oorwinnars, want deur Christus is ons deel van die ewige oes. HK So 17 vra dan ook:" Wat is die nut van die opstanding vir ons? Jesus Christus is my Koning en Heerser tot in ewigheid. Ek is bevry om te volg. Ek het opgestaan in 'n nuwe lewe. Sy opstanding is my waarborg vir die ewige lewe.

## DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **21 April** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Spesiale Fonds |
| **23 April** | **18h00** | Finanskommissievergadering | |
| **25 April** | **18H30** | Vragmotorbestuurderbedieningvergadering. | |

## KATKISASIE



Daar is nie Katkisasie nie weens die langnaweek.
Katkisasie begin weer DV 28 April 2019.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 21 APR 2019

**Diensbeurt:** Wyk D5 **Katkisasie:** -

**Ouderling:** Kudu Pretorius **Diaken:** Shawn Koekemoer

## OOG VIR MEKAAR

- Baie geluk aan ouers en oupas en oumas wie se kinders en kleinkinders die afgelope tyd graad ontvang het.

Ons dink aan die volgende lidmate:

- Cecelia Greyling herstel na haar operasie
- Lida Borman en familie word aan die troue sorg van die Here opgedra.
- Hennie Oelofse wat chemo ontvang het
- Tannie Annatjie Korff is baie siek en ons vra voorbidding vir hulle familie.
- Joey Smit is ontslaan uit die hospitaal en sterk mooi aan.
- Johnie O'Reilly se niere het hom baie siek en swak gemaak. Ons bid vir hom en Lynn.
- Gerhard Maritz met herstel na operasie op sy gesig.
- Ons bid vir almal wat donker en moeilike tye beleef. Mag ons God julle deur Sy Heilige Gees lei en julle die krag gee om staande te bly en uiteindelik die lig in Christus te omhels.

## TEESKINKBEURTE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **21 April** | Ina Buys | D1 | **28 April** | Rienie Oosthuizen | D3 |
| | Annemarie du Plessis | D1 | | Rioni Combrink | D2 |
| | Zani Prinsloo | D1 | | Madeleen Nel | D4 |
| | Estelle Adams | D1 | | Ansie Roets | D5 |
| | Anneke Swanepoel | D1 | | Annemarie vsn Biljon | D3 |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## SILWERDOPPERS

Op 3 Mei 2019 verkoop die silwerdoppers weer kerrie en rys teen R30 per bakie. Bestellings by Cassie : 081 354 3400 en Marina van der walt : 072 135 6905. Tye en reelings sal deurgegee word volgende week. Honger julle self solank uit, dit gaan baie lekker wees !

## BEDIENING AAN VRAGMOTORBESTUURDERS

Die evangelisasiekommissie is besig om maniere van bediening aan vragmotorbestuurders, vir wie Polokwane 'n deurgang en stopplek is, te ondersoek. Ons is opgewonde oor die geleenthede wat die Here reeds besig is om te skep om die evangelie aan hierdie mense te bedien. Bid asseblief saam met ons en hou die Basuin dop vir verdere nuus!

Vir navrae of voorstelle kontak Andre Bakker (083 457 1711) of Esmari Potgieter (083 446 5511).

## OUDIODAGSTUKKE

Daar is oudiodagstukke vir huisbediendes en werkers in Engels/Sotho beskikbaar.

Indien u belangstel, kontak André Bakker per whatsapp 083 457 1711.

## GESKIEDENIS VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN PIETERSBURG.[13]

Reeds so vroeg as die kerkraadsvergadering van Pietersburg op 7 Mei 1903 word genotuleer dat twee ouderlinge en diakens verkies word om werksaam te wees in die wyke Soutpansberg en Schoemansdal op Louis Trichardt.

Die twee wyke bly deel van die Pietersburg gemeente tot daar op die kerkraadsvergadering van 9 Julie 1920 weer besin is oor die afstigting van die Gereformeerde kerk Louis Trichardt. Met die toestemming van die Pietersburg gemeente word nog wyke in en om Louis Trichardt gestig asook ‘n wyk vir Messina. Op 24 Januarie 1924 se kerkraadsvergadering word Louis Trichardt se afstigting van die Pietersburg gemeente bespreek en aanvaar.

Die Louis Trichardt gemeente stig af met 110 belydende lidmate en op voorwaarde dat die predikant van Pietersburg ook predikant van Louis Trichardt sal bly. Die nuwe gemeente onderneem ook om tot die Pietersburg predikant se traktement by te dra.

Aanvanklik het die Louis Trichardt gemeente eers die Hervormde Kerk se gebou gebruik vir eredienste maar daarna is ‘n kerkgebou vir 170 pond van ‘n ander kerkgenootskap gekoop. Onder die bediening van ds. P.J. de Klerk van die Pietersburg gemeente word daar ook fluks in die Louis Trichardt gemeente gewerk. Daar word in 1932 ook ‘n kerk gebou op Alldays en in 1937 ‘n kerkgebou op Messina voltooi. In 1937 word ook nuwe erwe in Louis Trichardt gekoop en geld ingesamel vir die bou van ‘n nuwe kerk. Die nuwe kerkgebou word in Augustus 1937 ingebruik geneem.

Hierna word daar hard gewerk om ‘n eie predikant te kry en op die kerkraadsvergadering van 22 April 1938 word besluit om ‘n predikant te beroep. Op 6 Julie van dieselfde jaar word die kombinasie met Pietersburg beëindig en word Louis Trichardt ‘n selfstandige gemeente. Op 23 Januarie 1942 word ds. I.J. van der Walt as Louis Trichardt se eerste predikant bevestig.

Op 7 Julie 1945 stig die gemeente Alldays af onder die naam Gereformeerde Kerk Magalakwin in kombinasie met die Louis Trichardt gemeente. In 1945 aanvaar ds. van der Walt ‘n beroep na Ventersdorp en op 16 Augustus 1946 word ds. W.F. Venter op Louis Trichardt bevestig. Ds. Venter vertrek in 1949 en word opgevolg deur deur ds. J.C. van der Walt.

Tydens die ampsbediening van ds. van der Walt word die afstigting van Messina bespreek en op 28 Februarie 1954 kom die Messina gemeente tot stand in kombinasie met Louis Trichardt. Kort hierna aanvaar ds. van der Walt ‘n beroep na Colesberg en op 18 Februarie 1956 word prop. P.J. Pelser predikant van Louis Trichardt in kombinasie met die gemeentes Magalakwin en Messina.

[Volgende keer meer oor die afstigting van die Gereformeerde Kerk Laeveld in Tzaneen]

# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
| --- | --- | --- |
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Elzanne Botha (076 572 0991 | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees
Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER

## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Belydend/ Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| So. - 21 Apr. | Daan de Lange ** | B | 072 248 9950 |
| | Rikus Korff | B | 083 291 9550 |
| | André vd Merwe | B | 082 453 5366 |
| Ma. - 22 Apr. | Chris Groenewald | B | 073 188 4976 |
| | Peet Oosthuizen | B | 073 057 0870 |
| | Juanita Swanepoel | B | 076 537 8116 |
| Di. - 23 Apr. | Gert du Toit | B | 072 815 2206 |
| | Dolly Geldenhuys | B | 072 082 5334 |
| | Fanie Hattingh * | B | 082 556 7681 |
| Wo. - 24 Apr. | De Wet Hoogendyk | D | 084 802 3323 |
| | Ruan Olivier | B | 082 460 8286 |
| Do. - 25 Apr. | Kerneels Bronkhorst | B | 081 770 0491 |
| Vr. - 26 Apr. | Stephan vd Walt | B | 082 937 9085 |
| | Leon Venter | B | 083 292 3250 |
| Sa. - 27 Apr. | Bets Geldenhuys * | B | 084 496 1845 |
| | Hannelie Kruger | B | 082 856 8509 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 21 Apr. 2007 | Louise & Riaan Pretorius | 12 | 083 686 4256<br>082 748 5841 |
| 23 Apr. 1977 | Heila & Francois Lessing | 42 | 083 626 0185<br>083 627 4191 |
| 24 Apr. 2004 | Braam & Nita Schutte | 15 | 083 750 7787<br>079 515 1425 |
| 26 Apr. 2014 | Betsie & Jaco de Witt | 5 | 084 209 4220<br>084 513 8300 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Elzánne Botha
015 296 0054

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Elzánne Botha |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen.  Sien bankbesonderhede hierbo

*"Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het."*
*1 Korintiërs 15:20*

***Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS